# Laerskool Wierdapark het ‘n nuwe hoof

Dit is vir die beheerliggaam van Laerskool Wierdapark aangenaam om aan te kondig dat ons nuwe hoof aangestel is met ingang 2019.

Ons verwelkom graag mnr Louis Dekker as ons nuwe skoolhoof en wens hom ‘n voorspoedige en geseënde tyd by Laerskool Wierdapark toe. Mag hy bou op die suksesse van die verlede om te verseker dat die skool die groen kampioen en steeds een van die top laerskole in die land sal bly.

Op die oog af kom Louis jonk voor, maar agter daardie jeugdige voorkoms skuil ervaring deur goeie blootstelling. Louis is ‘n boorling van Middelburg, waar hy aan die Hoërskool Kanonkop matrikuleer het en later sy B.Com Geoktrooieerde Rekenmeesterskap graad aan die NWU: Potchefstroom Kampus verwerf het. In 2007 verwerf hy sy NHOD aan Unisa en in 2009 sy Honeurs in Onderwys Bestuur, ook aan Unisa. Louis is getroud met Lize en hulle het ‘n seuntjie Lohan.

Hy hou reeds 12 jaar skool, 10 hiervan by Hoërskool Pretoria-Noord en die laaste 2 jaar by Hoërskool Eldoraigne. Hy was die laaste 3 en ‘n half jaar Adjunk skoolhoof.

